

JC Smuts Omstrede maar Brilljant

Nege Sawanante het 'n uitstappie op 17 Augustus 2010 na die Smutshuismuseum te Irene meegemaak. Oudergewoonte het ons eers tee en versnaperinge geniet, hierdie keer onder die groot koeltebome.

Generaal Jan Smuts (1870-1950) en sy gesin het sedert 1909 in die groot maar nederige sinkhuis in

Irene gebly. Dit was 'n belewenis om te aanskou in watter eenvoud hulle gelewe het. Hy was twee keer eerste minister, het in die Britse oorlogskabinet gedien en instrumenteel by die totstandkoming van beide die Volkebond en Verenigde Nasies. Hy het nie gehuiwer om koninklikes in sy huis te Irene te ontvang waar sy vrou, tant Issie, of soos sy bekend was Ouma, hulle onthaal het.



By die teekamer onder die bome by die Smutshuismuseum: **Agter:** Theunis Botha, Christo vd Merwe en Magdanell Botha
Voor: Lenie Lubbinge, Johann Lemmer, Frank en Hettie Smith en Willy Lubbinge



Die groep is gereed om met die terreintoer te begin

Die huis is 'n lewende getuie van hoe die gesin geleef het en beskik oor foto's en beskrywings van die egpaar uit hul kinderdae wat hul kinders. Soms kry mens die idee dat jy weer in jou oorlede ouma se huis is as jy na die broodpanne, vervaardig uit paraffienblikke, die emalje skottels en die blikbekers in die kombuis kyk. Die koolstoof roep herinneringe aan 'n snoesige warm kombuis in die winter uit jou kinderdae op. Soos te wagte kan wees is daar ook verskeie foto's van sy militêre lewe uit die Anglo Boereoorlog, en die Eerste- en Tweede Wêreldoorlog.

Dit is egter so dat die persoon Jan Smuts in sy lewe en selfs tot vandag toe by baie individue 'n omstrede persoon is. Met so 'n besoek kon dit ook nie anders as dat sy politiek en sy siening oor die holisme ter sprake sou kom nie. Wat dit betref word sy denkrigtings in sommige akademiese kringe as ver voor sy tyd beskou. Ewenwel, dit sou 'n fout wees om sy sienings hieroor as kriteria vir die beoordeling van die persoon Jan Smuts te gebruik. Alhoewel hy nie as plantkundige opgelei

is nie het hy uitstaande bydraes gelewer oor onder meer die grassoorte van Suid-Afrika in publikasies wat vandag nog as gesaghebbend beskou word. 'n Ander aspek wat na vore getree het is dat hy klassieke Grieks binne drie weke deur selfstudie aangeleer het.

Laastens, Issie Krige was 'n baie mooi en geleerde jong meisie en van die foto's van die generaal uit sy jong dae laat die vraag by jou opkom hoe sy met so 'n vaal mannetjie soos hy kon trou. Dalk het hulle intellektueel net baie goed bymekaar gepas want sy het in eie reg ook akademies goed presteer.

Frank en Hettie Smith

Dosent (regs) wat vanaf Johannesburg met 'n groep toerisme-studente die terrein besoek het. Links is Hettie Smith en Magdanell Botha

